

ENIGE BESKOUINGS OOR DIE
WISSELKOERSE IN TEORIE EN
PRAKTYK

Rede

UITGESPREEK BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN DIE HANDEL, GELD-
EN BANKWESE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA, OP 16 APRIL 1947

DEUR

Dr. H. W. J. WIJNHOLDS



PRETORIA 1947



PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA

Reeks IV: Intree-redes, No. 26.

Lede van die Raad,
Meneer die Rektor,
Dames en Here Professore, Lektore en Dosente,
Dames en Here Studente,
En voorts U almal, wat hierdie plegtigheid met U teenwoordig-
heid vereer,

Geagte toehoorders,

Die vraagstuk van die wisselkoerse het sowel uit teoretiese as uit praktiese oogpunt in die laaste jare aanmerklik belanriker geword. Wanneer 'n mens die plek wat die wisselkoerse in die ekonomiese teorie en in die praktyk van die ekonomiese lewe tans inneem, vergelyk met dié van vroeër periodes, selfs met dié van periodes van internasionale spannings, dan is dit vir iedere min of meer ingewyde duidelik dat hierdie plek sterk in betekenis toegeneem het. Hierdie ontwikkeling hang uiteraard saam met die ontwikkeling op ekonomiese en politieke gebied en dit is nuttig om daarvan 'n kort oorsig te gee.

Tot 1914 het die onderwerp van die wisselkoerse weinig moeilikhede gebaar. Die geldeenhede in die verskillende lande was gekoppel aan goud of silwer en die wisselkoerse is bepaal deur die waarde- en gewigsverhoudings van die edele metale waaraan die valuta's gekoppel was. Die in 1865 gestigte Latynse Muntunie het van hierdie gedagte uitgegaan. Hierdie toestand het so gebly tot die eerste wêreldoorlog en — indien 'n mens van die tydelike loslating van die goudstandaard gedurende hierdie oorlog afsien — selfs tot 1931, die val van die Engelse pond sterling. Nie alleen die teoretiese verklaring van die hoogte van die wisselkoerse was in hierdie tyd eenvoudig nie; ook die handhawing van die koerse deur die regerings en sentrale banke het weinig prinsipiële moeilikhede met hom gebring.

Toe Engeland in 1931 sy valuta van die goud losgemaak het, is hierdie feit in die begin in die algemeen beskou as 'n tydelike maatreël; mense het verwag dat die pond sterling opnuut aan die goud gekoppel sou word, dog op 'n laer niveau, dus aan 'n geringere hoeveelheid van die geel metaal. Geleidelik het egter tot die wêreld

deurgedring dat Engeland nie van plan was om sy valuta opnuut aan 'n vaste kwantum goud te koppel nie en dat hy daaraan die voorkeur gegee het om sy valuta „swewende” te hou. Hierdie voorbeeld is in die jare van 1931 tot 1936 deur die meeste ander lande nagevolg. Die Verenigde State van Noord-Amerika het intussen in 1933 eweneens die ou goudpariteit verlaat, dog hulle het in 1934 die dollar opnuut aan die goud gekoppel, egter op 'n laer niveau. Hierdie toestand het tot die huidige dag so gebly. Die Verenigde State vorm prakties die enigste goudland in die wêreld. En selfs in hierdie land is die goudstandaard nog nie wettig gewaarborg nie. Volledigheidshalwe vermeld ons nog dat in Duitsland en in die ander sentrale lande 'n eie ontwikkeling plaasgevind het wat die begin gevorm het van die later algemener geworde deviesekontrole. Aangesien die ontwikkeling in Duitsland toe nog gesien is as 'n noodmaatreël en nie as 'n prinsipiële wysiging van die opvatting met betrekking tot die wisselkoerse nie, mag hierdie ontwikkeling voorlopig buite beskouing bly.

In die orige lande is tot die begin van die tweede wêreldoorlog die „swewende” valuta gehandhaaf. Dit het 'n prinsipiële verandering in vergelyking met die verlede beteken. Die *wisselkoerse is nie meer beskou as 'n onveranderlike faktor, as 'n datum in die ekonomiese politiek nie, dog die wisselkoerse het 'n belangrike middel van die ekonomiese politiek geword.*

Het die mense aanvanklik gedink dat die valuta's swewende gehou is om „hulle eie peil” te laat soek, reeds spoedig het geblyk dat van 'n passiewe laat soek van 'n eie hoogte weinig sprake was. Die regerings het die wisselkoerse deur middel van die sentrale banke of spesiaal daarvoor in die lewe geroepe egalisasiefondse gaan kontroleer en selfs geheel beheers. Die wisselkoerse is deur die betrokke autoriteite van die verskillende lande bewus op 'n bepaalde peil gehou, op grond van werklike of vermeende ekonomiese belange. Die koerse is gewysig indien die ekonomiese politiek dit wenslik gemaak het. Spesiaal die wens om die eksport te bevorder, op sy beurt weer 'n gevolg van die toe oral heersende depressie en werkloosheid, was vir sommige lande aanleiding om na 'n voortdurende verlaging van hulle valuta te strew. Mense het in hierdie verband gesprek van 'n „devaluasiewedloop”. Intussen is die politiek van die verlaging van die waarde van die valuta nog aangevul deur allerhande invoerbelemmerings, soos tariefmure en kwota-reëlings. 'n Mens sien hieruit dat die ontwikkeling van die wisselkoerse direk met die algehele ekonomiese en politieke toestand saamgehang het. Die voorwaardes waaronder die goudstandaard gewerk het en kon werk, was nie meer aanwesig nie. En 'n mens kan daar direk aan toevoeg dat die goudstandaard in die toekoms slegs dan sou kan herstel word, indien die ekonomiese lewe aan bepaalde

voorwaardes sou voldoen. Ek sou te vèr van my onderwerp afdwaal as ek tans op hierdie voorwaardes en die moontlikheid om hulle te verwesenlik, dieper sou ingaan.

Die eerste wêreldoorlog het dus die eerste prinsipiële wysiging in die gedragslyn ten aansien van die wisselkoerse veroorsaak. Die tweede wêreldoorlog het egter 'n prinsipiële wysiging van nog verder strekkende betekenis gebring. In vrywel alle lande is 'n stelsel van deviesekontrolle ingevoer, waarby die aan- en verkope op die wisselmark aan meer of minder strengere voorskrifte onderwerp is. Die owerheid het hom daar nie meer toe beperk om die hoogte van die wisselkoerse te beïnvloed nie, dog hy het meestal geëis dat alle buitelandse waardes direk of indirek aan hom ten verkoop aangebied word. Die verkoop van deviese kan nog slegs deur of namens die owerheid geskied. 'n Sodanige verkoop word slegs dan toegestaan, indien hierdie verkoop in ooreenstemming is met die ekonomiese belang van die land. Die owerheid bepaal nie slegs die koerse waarteen die valuta moet verhandel word nie, dog hy stel dikwels selfs vir verskillende soorte transaksies verskillende koerse vas. Die internasionale ekonomiese verkeer word deur die meeste lande nog slegs onderhou op basis van 'n stelsel van bilaterale ooreenkomste, ieder met sy eie wisselkoerse. In Duitsland het dit reeds sedert 1931 gebeur. Dit behoeft geen betoog dat die internasionale ekonomiese verkeer deur die gesketste deviesemaatreëls baie meer ingewikkeld geword het nie. Seer seker het die stelsel van die bilaterale ooreenkomste en die deviesekontrolle ons 'n stuk verder verwyder van 'n ideale internasionale verkeer waar die goedere en dienste hulle daarheen beweeg waar hulle sowel nasionaal as internasionaal die nuttigste is. Dit het ewewel weinig sin om in hierdie verband oor die wenslikheid van die tans heersende stelsel van internasionale ekonomiese verkeer te spreek, daar die teenswoordige politiek veelal 'n *deur die nood gedwonge* politiek is. Baie lande is as 'n gevolg van die oorlog in sodanige mate van hulle deviesebesit en produksiekrag beroof dat hulle deviesekontrolle nie kan ontbeer nie. Die owerheidskontrolle van die ekonomiese lewe, spesiaal op die gebied van die deviese, is nodig om die betaalmiddele so doelmatig as moontlik te bestee ten einde die nasionale ekonomiese lewe weer op te rig. In baie gevalle sal daarby die steun van die buiteland deur middel van krediete of op ander wyse noodsaaklik wees. En dit is in die belang van die hele wêreld dat hierdie hulp verleen word, spesiaal aan die lande wat reeds getoon het dat hulle die vurige wil en die energie tot herstel besit. Des te eerder die lande wat so'n sware las van die oorlog moes dra, hulle ekonomie tot op sekere hoogte herstel, des te eerder kan die belemmerende maatreëls verminder word, tot heil van die algemeen.

Reeds gedurende die oorlog het mense ingesien dat 'n inter-

nasionale reëling van die valutavraagstuk noodsaaklik is. Enersyds was daar die wens om die deviesekontrolle so spoedig moontlik af te skaf, dog andersyds is ook 'n terugkeer tot die vooroorlogse politiek van die swewende valuta ongewens geag. 'n Nuwe devaluasiewedloop moes voorkom word; die stabiliteit van die wisselkoerse moes verseker en die groots moontlike nasionale en internasionale ontwikkeling gewaarborg word. Om hierdie doel te bereik, is in 1944 op die konferensie te Bretton Woods deur die meeste lande van die wêreld die voorstelle tot oprigting van die Internasionale Monetêre Fonds en van die Internasionale Bank vir Herstel en Ontwikkeling aangeneem. Kragtens die aanvaarde regulasies mag die deelnemende lande hulle valuta nie verlaag sonder toestemming van die Fonds nie, terwyl ook die vasstelling van die beginpariteite van die valuta in verhouding tot die dollar deur die Fonds moet goedgekeur word. Die Fonds moet dus die „juistheid” van die wisselkoerse beoordeel en nie alleen tans nie, maar telkens in die toekoms, as 'n land sy pariteit wil verander.

Dit is dus tans nie meer aan die blote insig van die betrokke lande oorgelaat om hulle wisselkoers vas te stel of te wysig nie, maar die koerse en die wysigings sal behoorlik gefundeer moet wees, anders sal die Fonds nie sy goedkeuring gee nie. Dit is duidelik dat sodanige beslissings nie geneem kan word sonder hegte wetenskaplike grondslae nie. Die teorie van die wisselkoerse is daarom tans belangriker as ooit tevore. Sowel die individuele lande as die leiding van die Fonds sal hulle daarvan terdeë rekenskap moet gee.

Daar was 'n periode in die geskiedenis waarin die teorie van die wisselkoerse sterk die aandag getrek het. Dit was gedurende en direk na die vorige wêreldoorlog. Toe gedurende die eerste wêreldoorlog verskillende lande die goudstandaard (tydelik) loslaat, het die teorie van die wisselkoers in die brandpunt van die belangstelling kom te staan. In hierdie tyd het die leer van die koopkragpariteit in sy moderne gedaante ontstaan. Soos bekend, is gedagtes in die gees van die teorie van die koopkragpariteit ook reeds deur *Ricardo* ontwikkel, dog 'n min of meer volledige uiteensetting het pas die Sweedse ekonoom *Gustav Cassel* gegee. Cassel en sy aanhangers het ook in die jare na die eerste wêreldoorlog die leer van die koopkragpariteit in vaak heftige diskussies verdedig teen die sogenaamde leer van die betalingsbalans, wat vir die eerste keer deur 'n publikasie van Goschen in 1861 bekendheid verkry het.

Hoewel, soos ons gesien het, die wisselkoerse na 1931 opnuut in die brandpunt van die belangstelling gekom en die belangrikheid nog steeds toegeneem het, is die wetenskaplike bydraes tot die leer van die wisselkoerse hiermee nie in ooreenstemming gewees nie. Wel is daar baie oor die wisselkoerse geskrywe, dog die publikasies was in die algemeen nie afkomstig van wetenskaplike sy nie. Nuwe

gesigspunte met betrekking tot die leer van die wisselkoerse is aan die ekonomiese wetenskap dan ook in die algemeen nie toegevoeg nie. Reeds in 1937 skrywe dr. J. W. Beyen, tans direkteur van die Internasionale Bank vir Herstel en Ontwikkeling en vroeër president van die Bank vir Internasionale Betalings te Bazel, oor hierdie kwessie:

„Merkwaardig is het daarom, dat die wetenskap ten aanzien van dit onderwerp (= wisselkoerse), hoewel het van zoo wezenlijk belang is voor de vraag, of een internationale valutastabilisatie mogelijk en wenschelijk is, zoo geringe vorderingen maakt. Sinds de door Prof. Cassel opgebouwde theorie van de koopkracht-pariteiten is niets constructiefs geleverd. De geheele diskussie omtrent de mogelijkheid van internationale valutastabilisatie gaat nog steeds van deze theorie uit, vaak ten deele onbewust.”

Tans skrywe ons 1947 en die toestand het nog nie veel verander nie. Wel is daar intussen enkele prinsipiële bydrae tot die leer van die wisselkoerse gelewer, maar hulle het nie die aandag gekry waarop die onderwerp hulle reg gee nie. Vir 'n deel is dit 'n gevolg van die oorlogstoestand, wat ander vraagstukke op die voorgrond geplaas het. Ek meen daarom goed te doen deur my poging om aan te toon dat die teorie van die koopkragpariteit prinsipiël onjuis is en dat die leer van die wisselkoerse op ander grondslae opgebou moet word, waarmee ek reeds in 'n artikel in *De Economist* van 1941 'n begin gemaak het, tans voort te sit. Want ook tans word nog dikwels van hierdie leer van die koopkragpariteit uitgegaan. 'n Trefende voorbeeld daarvan is *Mitteilung* Nr. 63 van die Switserse *Kommission für Konjunkturbeobachtung*¹⁾, wat verskyn het onder die titel „Bericht über die Grundsätze der Monetären Konjunkturpolitik in der Nachkriegszeit”. In hierdie rapport word voorgestel om die lone in Switserland te vergelyk met dié in ander lande ten einde na te gaan of die wisselkoerse ewentueel gewysig moet word, sulks om konkurrensie met die buiteland op buitelandse markte moontlik te maak.

Ons sal tans trag om aan te toon dat die leer van die koopkragpariteit op prinsipiël onjuiste uitgangspunte berus. Voordat ons ons gedagtegang in hierdie opsig ontwikkel, is dit nodig om 'n nader uiteensetting van hierdie leer van die koopkragpariteit en die daarop gelewerde kritiek weer te gee.

Cassel sê²⁾ dat die wisselkoerse tussen twee lande bepaal word deur die verhouding van die koopkrag wat die geldeenhede in die betrokke lande het. Aangesien die koopkrag tot uitdrukking kom in die pryspeil, kan 'n mens ook sê dat — volgens Cassel — die

¹⁾ Bylaag tot die „Monatsbericht” van die Schweizerische Nationalbank, Heft 9—1944.

²⁾ Sien G. Cassel: *Theoretische Sozialökonomie*, 5e Aufl., Leipzig 1932; *Das Goldwesen nach 1914*, Leipzig 1925.

wisselkoerse bepaal word deur die verhouding van die pryspeile in die betrokke lande wat by ewewig in die internasionale handel bestaan. Hierdie laaste voorwaarde voeg Cassel daaraan toe om die toestand in 'n oorgangstyd uit te sluit. Cassel gaan daarvan uit dat 'n mens buitelandse betaalmiddele slegs begeer om daarmee in die buiteland iets te kan koop. Die hoeveelheid goedere wat 'n mens met die vreemde valuta kan koop, is daarby beslissend vir die aantal binnelandse geldeenhede wat 'n mens bereid is om vir 'n buitelandse geldeenheid te gee. Hierdie gedagtegang skyn op die eerste gesig baie logies en dit is dan ook nie te verwonder nie dat die leer van die koopkragpariteit deur vele mense as „vanselfsprekend” aanvaar is. Soos reeds opgemerk, is slegs min besware van *prinsipiële* aard teen hierdie gedagtegang ingebring. Wel is van verskillende kante restriksies aangebring. Dit lê ook voor die hand. Aangesien Cassel die buitelandse valuta slegs sien as 'n middel om goedere in die buiteland te koop, sou hy slegs mag besluit het tot 'n verband tussen die wisselkoerse en die pryse van die goedere *wat die voorwerp van die internasionale handel uitmaak*. Restriksies in hierdie sin is op die leer van die koopkragpariteit deur Laughlin en Haberler aangebring. Taussig bring nog meer beperkings aan; na sy mening is die leer reg wanneer invoer en uitvoer en die onsigbare poste op die betalingsbalans gelyk gedink word. Dit is duidelik dat deur hierdie beperkings die leer van die koopkragpariteit veel van sy waarde verloor het. Moderne skrywers wat aanhangers van hierdie leer verklaar te wees gaan nog verder. Hulle gee toe dat behalwe die goederverkeer ook die kapitaalverkeer by die verklaring van die wisselkoerse in aanmerking geneem moet word. Voorts meen party van hulle dat die wisselkoerse nie gevind kan word deur 'n vergelyking van die pryspeile nie, dog dat 'n mens van 'n „normale” jaar moet uitgaan en die veranderinge in die pryspeile wat daarna plaas gehad het moet beskou. In een van sy laaste publikasies ¹⁾ pas Cassel self hierdie metode ook toe. Na ons mening het daar in hierdie formulering van die leer van die koopkragpariteit baie min oorgebly.

Die bostaande is na ons mening voldoende om die waarde van die leer van die koopkragpariteit in die ware sin van die woord tot verklaring van die wisselkoerse problematies te noem. Die oorsaak dat hierdie leer nie gehandhaaf kan word nie, is na ons oordeel dat hy op 'n prinsipiële onjuiste uitgangspunt berus, naamlik op 'n foutiewe opvatting van die grondslae van die internasionale handel. Hierdie opvatting kom neer op die redenering dat handel tussen twee lande plaasvind omdat die ingevoerde goedere in die

¹⁾ G. Cassel: Pfund und Dollar, Vierteljahresbericht der Skandinaviska Banken, Januarie 1939.

land van import duurder is as in die uitvoerende land. Hierdie uitgangspunt is terug te voer op Ricardo, wie sy grondgedagte oor die internasionale handel, berustend op die teorema van die komparatiewe koste, nou nog vry algemeen aanvaar word. Ricardo sê dat ruil tussen twee lande plaasvind, indien bepaalde goedere in die een en ander goedere in die ander land met minder koste (minder aantal ure arbeid) voortgebring kan word¹⁾. Volgens Ricardo se arbeidswaardeleer verhou die ruilwaarde van twee goedere (wat by Ricardo dieselfde is as die pryse) hom as die aantal ure arbeid wat aan die produksie van dié goedere bestee is. Hieruit volg dat bepaalde goedere die goedkoopste is in die lande waar hulle die gemaklikste, dit wil sê met dié geringste aantal ure arbeid gemaak kan word. Hierdie prysverskil is die oorsaak van die internasionale handel, aldus Ricardo en sy aanhangers. Sedert die arbeidswaardeleer van Ricardo egter verlaat is en die subjektiewe waardeleer die terrein verower het, het die grondslag vir die redenering weggeval. Die subjektiewe waardeleer immers verklaar die waarde en prys van 'n goed nie uit die produksiekoste nie en 'n mens mag daarom ook nie sê dat 'n goed waaraan 'n groter aantal ure arbeid bestee is as aan 'n ander goed, ook noodwendig meer werd en hoër in prys is nie. Die waarde en die prys van 'n goed word uiteindelik bepaal deur die nut wat hierdie goed verskaf aan die konsument. Ondanks die erkenning van die laaste, het die merendeel van die skrywers oor die internasionale handel die redenering van Ricardo bly volg. Dit is in die eerste plaas te verklaar uit die feit dat die juistheid van die leer van die komparatiewe koste min of meer intuitief erken word en 'n ander verband tussen produksiemoeite en prys as die tradisionele die skrywers nie voor oë gestaan het nie. Intussen is wel gevoel dat die verband tussen die produksiemoeite en prys „moderner” geformuleer moes word. Besien 'n mens die aantal bladsye in die leerboeke oor die internasionale handel wat aan hierdie verband gewy is, dan besef 'n mens dat hierdie beredenering die skrywers veel hoofbrekens gekos het. Na ons mening is ewewel geen enkele poging om aan te toon dat groter produksiemoeite (meer ure arbeid) 'n hoër prys met hom meebring, geslaag nie. En wel omdat dit onmoontlik is om aan te toon dat 'n produk waaraan meer arbeid bestee is as aan 'n ander produk, ook noodsaaklik waardevoller en duurder is. Dit is heel goed denkbaar — en in die praktyk blyk sulks daagliks — dat 'n produk waaraan veel arbeid bestee is, geen eweredig hoë prys kan opbring nie, omdat hy nie aan die behoefte en wense van die konsument voldoen nie. Die onhoudbaarheid van hierdie redenering blyk ook duidelik wanneer 'n mens

¹⁾ Die „relatiewe kosteverskille” laat ons eenvoudigheidshalwe hier buite beskouing.

bedink dat by die bogenoemde redenering daarvan uitgegaan word dat die *uurloone in alle lande en in alle bedryfstakke dieselfde is*. Immers, 'n goed waaraan by voorbeeld agt ure arbeid bestee word, is slegs dan duurder as 'n goed waaraan sewe uur arbeid bestee word, indien die maker van die laaste goed nie meer per uur verdien as die eerste nie. Dit behoef nie betoog te word dat die gemaakte veronderstelling onjuis is nie. Geen mens sal wil beweer dat iedere arbeider in elke bedryfstak en in iedere land dieselfde uurloon verdien nie. Die onmag van die tradisionele redenering blyk ook duidelik wanneer 'n mens jou twee lande voorstel waarvan die een prakties slegs koffie en die ander vrywel uitsluitend nikkell produseer. Indien nikkell teen koffie geruil word, kan 'n mens dan sê dat nikkell in die een land geïmporteer word omdat die produksiemoeite en dus die prys in die importerende land hoër is? Natuurlik nie; die laasbedoelde land kan immers heeltemal geen nikkell produseer nie.

Met die bostaande is nie bewys dat die leer van die komparatiewe koste onjuis is nie, dog dat die moderne skrywers daar nie in geslaag het om die verband tussen die verskille in produksiemoeite en die prysverskille met inagneming van die subjektiewe waardeleer aan te toon nie. Na ons mening moet 'n mens die verklaring van die internasionale handel van 'n ander sy aanvat. 'n Mens moet daarby nie uitgaan van die veronderstelling dat dieselfde goedere in verskillende lande 'n verskillende prys het nie. Daar bestaan in teendeel juis 'n tendens dat dieselfde goedere oral dieselfde prys opbring. Hierdie uniforme prys word des te meer benader namate die handelsbelemmerings geringer is. In die jare vóór die oorlog kon 'n mens dan ook ten aansien van vele goedere spreek van 'n wêreldmarkprys¹⁾. Ons gaan by ons redenering uit van die opbrengs (prys) wat die ondernemer vir sy produk kry, hetsy op die buitelandse, hetsy op die binnelandse mark²⁾. Iedere ondernemer sal nou die goedere produseer wat vir hom die grootste wins oplewer, dit wil sê, waarby hy die grootste beloning per eenheid produksiemoeite ontvang. Wanneer 'n ondernemer by voorbeeld twee goedere kan maak wat dieselfde prys oplewer hetsy by verkoop in die binneland, hetsy by verkoop in die buiteland, dan sal hy die goed gaan maak wat hy met die geringste produksiemoeite

1) Enige skrywers, soos Harrod en Keynes, merk met betrekking tot die leer van die koopkragpariteit wel op dat die pryse van „internasionale goedere” oral gelyk is en dat die wisselkoerse daaruit dus nie afgelei kan word nie. Tot 'n prinsipiële bestryding van die leer van die koopkragpariteit lei hierdie opmerking ewewel nie, omdat hulle dit in beginsel wel moontlik ag om die wisselkoerse uit die vergelyking van die pryse van die „nasionale goedere” af te lei. Sien R. F. Harrod, *International Economics*. London 1933, bls. 71.

2) Sien ook H. W. J. Wynholds, *Das Theorem der komparitiven Kosten und die Theorie des internationalen Handels*, *Weltwirtschaftliches Archiv*, Januarie 1939 (49. Band, Heft 1).

produseer. Op hierdie wyse kan ook die hoogste uurloon aan die arbeiders uitbetaal word. In hierdie gedagtegang is dit voorts verklaarbaar dat die uurlone van die arbeiders in die verskillende bedryfstakke en in die verskillende lande nie gelyk is nie. Die bekwaamheid en geskiktheid om bepaalde produkte te vervaardig is immers nie vir alle arbeiders dieselfde nie. Indien Switserse arbeiders in staat is om in by voorbeeld 30 uur 'n horlosie te maak en 'n Sweedse vakman het 60 uur nodig om dieselfde horlosie te maak (by gebruik van dieselfde hoeveelheid kapitaal) dan sal, indien die horlosies na 'n derde land geëksporteer word, die Switserse arbeider per uur twee maal so veel verdien as sy Sweedse kollega. Indien nou die Sweedse arbeider op 'n ander gebied, by voorbeeld in die masjienebou, baie bekwaam is, dan sal hy van die produksie van horlosies afsien en hom op die vervaardiging van masjiene gaan toelê. Op hierdie wyse kom die interlokale en internasionale arbeidsverdeling tot stand.

Wanneer ons gesien het dat dit onjuis is om by die internasionale handel uit te gaan van verskillende pryse vir dieselfde goedere in verskillende lande, dan val die gehele basis van die leer van die koopkragpariteit weg. Die pryse van dieselfde goedere in die verskillende lande is immers in beginsel dieselfde (omgerekte via die geldende wisselkoerse). 'n Vergelyking van hierdie pryse en die berekening daaruit van die wisselkoerse is 'n gesigsbedrog. Nie die wisselkoerse laat hulle aflei uit die vergelyking van die pryse in verskillende lande nie, dog hierdie pryse verhou hulle as die wisselkoerse. Wanneer die wisselkoerse tussen die Unie en Nederland $\text{£ } 1 = f 12$ is en 'n bepaalde artikel kos in die Unie $\text{£ } 2$, dan moet die prys van hierdie goed in Nederland (afgesien van handelsbelemmerings) $f 24$ bedra. Ingesien sal word dat 'n mens die wisselkoerse nie mag aflei uit die prysverhouding $2 : 24 = 1 : 12$ nie. Dit sou 'n omdraaiing van die oorsaak en die gevolg wees.

Dat die verband tussen die pryse en die wisselkoerse werklik is soos ons op teoretiese gronde afgelei het, is ook op historiese wyse duidelik te maak. Tot die einde van die 18e eeu was gemunte en ongemunte edele metaal en die daarteen getrokke wissels prakties die enigste betaalmiddele. Die verklaring van die wisselkoerse was baie eenvoudig; 'n mens hoef slegs die gewigshoeveelhede edel metaal en ewentueel die markverhouding tussen goud en silwer teenoor mekaar te stel. Vir sover verkeersmoelikhede of handelsbelemmerings dit nie verhinder het nie, was die pryse van dieselfde goedere in verskillende lande gelyk. 'n Mens kon immers met jou goud of silwer oral koop. Ook na 1800, toe meer geldsoorte in omloop kom, het die hoeveelhede goud of silwer die bepalende faktore vir die wisselkoerse gebly. So het die toestand tot 1931 gebly. Dit is opmerklik dat mense, sodra die wisselkoerse nie meer deur goud-

hoeveelhede bepaal is nie, die verband tussen wisselkoerse en prysepeile omgedraai het. Daarmee is nie slegs die historiese ontwikkeling misken nie, dog het die mense tewens die prinsipiële fout begaan om die kosteteorie wat hulle origens afgewys het, weer toe te pas.

Dit is duidelik dat wanneer vasstaan dat die wisselkoerse nie bepaal word deur die koopkragverhoudings van die geldeenhede in die verskillende lande nie, hierdie verhoudings ook nie as 'n uitgangspunt vir die vasstelling en beoordeling van die juistheid van die wisselkoerse kan gebruik word nie. Die pryse van die internasionaal verhandelde goedere sal, afgesien van die handelsbelemmerings, immers oral dieselfde wees (ongereken via die geldende wisselkoerse), terwyl die pryse van die ander goedere en veral van die lone blywend van mekaar kan afwyk. Hierdie laaste word selfs deur verskillende aanhangers van die leer van die koopkragpariteit erken. Hierdie erkenning hou in feite in dat hulle toegee dat die wisselkoerse nie ooreenkom met die koopkragverhoudings nie. Ook erken hierdie skrywers 'n ongelykheid van lone in die verskillende lande. As 'n voorbeeld mag 'n sitaat dien uit die boek van D. H. Robertson ¹⁾). Hierdie skrywer het hom in Chapter IV paragr. 3 van sy boek 'n aanhanger verklaar van die leer van die koopkragpariteit. Op bladsy 152 en 153 skrywe hy ewewel:

“It may be true, that converted at the current rates of exchange, the level of internal prices and of money wages, is higher in England than in some other countries with which her manufacturers and farmers are in active competition. But that has always been true, even in the palmiest days of the gold standard. If one country is superior to another in natural resources, in capital equipment, in the personal efficiency of its managers and its work people, or if it has more legal claims on the rest of the world or fewer obligations to discharge, then an hour's labour in the first country will command more gold than an hour's labour in the second; and this will be reflected directly in a higher level of money wages and indirectly, under some conditions, in a higher level of internal prices.”

Daar sou meer voorbeelde in hierdie gees aan te haal wees. Hierdie een is ewewel voldoende om te laat sien dat selfs die aanhangers van die leer van die koopkragpariteit erken dat die wisselkoers in feite nie met die koopkragverhoudings en seer seker nie met die loonverhoudings ooreenkom nie. Desondanks word by die vasstelling van die wisselkoerse en by die beoordeling van die juistheid van bestaande koerse nog dikwels van die koopkragverhoudings of selfs van die loonverhoudings uitgegaan. Ons het as 'n voorbeeld reeds die publikasie van die Switserse Kommission für Konjunkturbeobachtung genoem.

¹⁾ D. H. Robertson, Money. London and Cambridge 1946.

Wanneer ons dan in die bostaande aangetoon het dat die teorie van die koopkragpariteit geen verklaring van die wisselkoerse kan gee nie, dan rys die vraag op welke wyse die wisselkoerse dan wel verklaar moet word. Dit lê voor die hand dat in die eerste plaas nagegaan moet word in hoeverre *die leer van die betalingsbalans*, wat eweneens groot bekendheid verkry het, daartoe in staat is. Die moeilikheid is egter dat die formulering van hierdie leer meestal vaag is. In die algemeen kan 'n mens ewewel sê dat die aanhangers van die genoemde teorie die hoogte van die wisselkoerse verklaar uit die stand van die betalingsbalans. Dit kom dus neer op die vraag en aanbod van wissels vir sover hierdie faktore in die betalingsbalans tot uitdrukking kom; vandaar dat hierdie leer ook wel aangedui word met „*vraag- en aanbodteorie*”. Daarby doen hom die probleem voor wat onder betalingsbalans verstaan moet word; die definisies van hierdie begrip is in die reël nóg skerp nóg gelykluidend. Die mees aanvaarde opvatting is, vir sover ons kan nagaan: die samevatting van alle vorderinge en skulde van 'n land met betrekking tot die buiteland, wat in 'n bepaalde periode (meestal 'n jaar) opeisbaar word. Hieronder val dus ook die vorderings en skulde wat voortspruit uit die sogenaamde salderingstransaksies. Hieronder is te verstaan die transaksies (kredietverlenings, goudsendings) wat op 'n bepaalde moment noodsaaklik word om die ewewig in die betalingsbalans te herstel. Laasgenoemde transaksies word intussen soms uitgesluit en beperk die skrywers hulle tot die betalingstransaksies wat uit die normale ekonomiese betrekkinge met die buiteland voortvloei¹⁾. Vir hierdie opvatting is seker iets te sê aangesien by insluiting van die salderingstransaksies die betalingsbalans altyd in ewewig is. Hieruit volg reeds dadelik dat, indien die verklaring van die wisselkoers uit die betalingsbalans enige sin sal hê, die verskillende soorte betalings na hulle aard en grootte onderskei moet word. Slegs die analise van die betalingsbalans kan ons insig gee in die vraag- en aanbodfaktore op die wisselmark. Vir die beoordeling van die wisselkoerse dien 'n mens te weet watter dele van die getransfereerde bedrae voortspruit uit die handelsverkeer, die diensteverkeer (onderverdeel in rente, dividend asmede aflossing en ander dienste), goudbewegings en kapitaalverkeer. Beskou 'n mens die betalingsbalanse oor 'n aantal agtereenvolgende jare, dan sien jy al dadelik dat bepaalde poste van jaar tot jaar veel meer veranderings vertoon as ander. Die bedrae weens die goedere- en diensteverkeer by voorbeeld was in die verlede baie stabiel as dié weens goud- en kapitaalbewegings. Hierdie laaste

¹⁾ Sien P. P. van Berkum, *De betalingsbalans als uitgangspunt eenor beschouwing over de recente structuurwijzigingen in het economische leven*. Amsterdam 1938, spesiaal blz. 35 vv.

poste het soms (in rustige jare) 'n betreklik geringe deel uitgemaak van die totaal en in ander jare 'n baie belangrike deel. Ook in die intensiteit (dringendheid) van die vraag en aanbod kan die analise van die betalingsbalans ons insig gee. Die laaste hang direk saam met die ekonomiese struktuur van die betrokke land. So sien 'n mens aan die debetsy van die betalingsbalans van 'n sterk kapitaalimporterende land 'n belangrike pos staan vir rente en aflossing. Hierdie bedrae *moet* betaal word; die intensiteit van die vraag na deviese uit hierdie oorsaak is baie groot. Ook by 'n sterk gestege wisselkoers sal die vraag na deviese weens hierdie oorsaak bly bestaan, heeltmal in teenstelling met die vraag uit hoofde van goedere-importe. Om hierdie punt te besef is uiteraard vir die betrokke lande van die grootste gewig.

'n Voorbeeld van 'n kapitaalimporterende land soos hierbo beskrywe is, was voor die oorlog Argentinië. Die betalingsbalans van hierdie land volg hieronder ¹⁾.

Internasionale betalingsbalans van Argentinië 1935—1938
(in miljoene pesos)

	Kredit				Debet			
	1935	1936	1937	1938	1935	1936	1937	1938
Goedere	1726	1851	2485	1510	1175	1183	1558	1461
Dienste								
rente en aflossing	—	—	—	—	479	469	461	420
ander dienste	48	49	45	30	113	131	194	170
Goud	13	4	1	7	1	6	1	7
Kapitaalbeweging	157	344	90	173	102	34	530	40

Ons sien uit hierdie balans, wat die lopende poste betref, 'n eksportoorskot en 'n passiewe saldo op die dienstebalans, veral weens die groot rente- en aflossingsverpligtings. Die aanbod van

¹⁾ Ontleen aan Balances of Payments, uitgawe van die Volkebond.

deviese spruit by 'n dergelike land nagenoeg heeltemal voort uit die goedere-eksport en hy is dus sterk afhanklik van die konjunktuur en die handelspolitiek van die lande wat sy produkte koop. Daarteenoor was 'n groot deel van die vraag (naamlik die weens rentebetaling en ander vaste verpligtings) betreklik vas en onelasties. 'n Vermindering van die eksport kon daarom 'n skerp daling van die wisselkoers tot gevolg hê. Vergelyk die syfers van 1937 (uitvoeroorskot 927 miljoen pesos) met die van 1938 (uitvoeroorskot 49 miljoen pesos). In 'n kapitaaleksporterende land hoef 'n vermindering van die goedere-eksport nie sulke ernstige gevolge teweeg te bring nie.

Ter vergelyking is hieronder die betalingsbalans van Nederland vir dieselfde jare opgeneem ¹⁾.

Internasionale betalingsbalans van Nederland 1935—1938
(in miljoene guldens)

	Kredit				Debet			
	1935	1936	1937	1938	1935	1936	1937	1938
Goedere	711	796	1213	1086	991	1086	1611	1466
Dienste								
rente en diwidend	199	259	309	317	56	82	127	134
skeepvaart en hawevoer	116	141	233	234				
toeristeverkeer	4	5	6	6	35	38	42	42
ander dienste	72	81	100	86	34	36	42	66
Goud	748	456	928	1027	504	516	1671	780
Kapitaalbeweging	439	870	1608	1006	587	843	1393	1 133

Ons sien daaruit dat Nederland reëlmatig 'n importoorskot gehad het en dat die dienstebalans aktief was. Tewens sien ons

¹⁾ Ontleen aan die Maandschrift van die Centraal Bureau voor de Statistiek, 31 Augustus 1939.

dat die poste „goud” en „kapitaalbeweging” belangrik groter veranderinge van jaar tot jaar vertoon het as die eersgenoemde lopende poste. Hieruit blyk reeds dadelik dat die invloed van kapitaalbewegings op die wisselkoerse baie groot is. In 1937 het die betrokke poste 'n debetsaldo van f 528 miljoen vertoon, terwyl in 1938 'n Kreditsaldo van f 120 miljoen aanwesig was.

Betalingsbalanse van Nederland en Argentinië oor die jaar 1946 is nog nie beskikbaar nie, dog 'n mens hoef geen profeet te wees om te voorspel dat die beeld vir beide lande groot veranderings sal vertoon nie. Argentinië se buitelandse skuld het verminder en die van Nederland het sterk toegeneem. Die goedere-eksport en diensverlening van Nederland het belangrik afgeneem, terwyl dié van Argentinië toegeneem het.

Die betalingsbalans gee ons dus 'n insig in die vraag en aanbod op die wisselmark. Dit beteken egter nie dat die betalingsbalans ons die hele vraag en aanbod toon. In die betalingsbalans kom net die vraag en aanbod tot uitdrukking wat op die mark geslaag het. Daar is ewewel nog tal van ander vraers en aanbieders gewees wat teen die tot stand gekome koers nie kon slaag nie. Hierdie vraers en aanbieders het intussen wel invloed op die koers uitgeoefen; sou hulle daar nie gewees het nie, dan sou die koers hom op 'n ander peil gevorm het. Daar is ewewel nog ander faktore wat die waarde van die betalingsbalans beperk. Die eerste daarvan is die onvolledigheid van die betalingsbalans. Daar is steeds 'n onverklaarde saldo aanwesig en dit is die vraag in hoeverre hierdie saldo heeltemal bekend sal word. 'n Ander faktor is dat die betalingsbalanse pas korter of (meestal) langer tyd na die afsluiting van die jaar waarop hulle betrekking het, beskikbaar is. Vir die uitskakeling van die oorsake vir 'n ongewenste ontwikkeling van die wisselkoers is dit dan in die reël te laat. Tenslotte gaan dit ook nie daarom om die vraag en aanbod van deviese in 'n jaar te weet nie, dog is dit vir die verklarings van die wisselkoers op 'n bepaalde oomblik nodig om die vraag en aanbod op hierdie oomblik te ken. Die vraag na deviese is nie gelykmatig oor die jaar verdeel nie, dog konsentreer hom vir 'n deel op bepaalde datums. 'n Mens dink maar aan die vervaltye van rente en aflissing op lenings, toeristeverkeer, seisoensinvloede ens.

As 'n samevatting kan ons sê dat die wisselkoerse verklaar moet word uit die hele vraag en aanbod op die wisselmark, waarby sowel met die grootte as met die dringendheid van hierdie faktore rekening gehou moet word. Hoewel hierdie faktore nie volledig in die betalingsbalans tot uitdrukking kom nie en ook deur ander oorsake sy betekenis verminder word, is die betalingsbalans tog van belang vir die verklarings van die wisselkoerse, omdat sy struktuur 'n insig gee in die grootte en die dringendheid van 'n belangrike deel van die vraag- en aanbodfaktore op die wisselmark.

Uit die bostaande volg dat die wisselkoerse sal verander wanneer daar 'n wysiging kom in die vraag- en aanbodsfaktore op die wisselmark. Dit kan op verskillende maniere gebeur; die belangrikste daarvan kan as volg saamgevat word:

1. Die in- en uitvoer van die betrokke lande kan wysiging ondergaan en wel:

a. op grond van monetêre faktore, waardeur daar 'n wysiging kom in die verhouding van die pryse in die betrokke lande of in die verhouding tussen pryse en koste. (Dit is prakties die enigste geval waarin die aanhangers van die leer van die koopkragpariteit 'n verandering van die wisselkoerse verwag);

b. op grond van nie-monetêre faktore. Die pryse in een van die betrokke lande kan daal weens tegniese uitvindings of verbeterings, gemakliker aanvoer van grondstowwe, toegenome binnelandse afset en ander kosteverlagende faktore. 'n Styging van die pryse kan optree as 'n gevolg van aanvoermoeilikhede van grondstowwe of 'n (tydelike) skaarste aan arbeidskragte (by voorbeeld in oorlogstyd). Verder kan invoerregte en kwotas die invoer belemmer, terwyl eksportpremies die uitvoer kan bevorder. Tenslotte kan die invoer van 'n land ook toeneem deur grotere aankope in die buiteland van konsumpsiegoedere as 'n gevolg van 'n voorspoedige binnelandse konjunktuur;

c. deur noodsaaklik geworde belangrike importe as 'n gevolg van vernietiging of wegvoering van kapitaal- en gebruiksgoedere tydens die oorlog.

2. In die diensteverkeer (afgesien van rente- en aflossing, wat in die volgende punt bespreek word) kan hom wysigings voordoen, waardeur die vraag en aanbod van valuta beïnvloed word. Dergelike wysigings kan hulle geleidelik voltrek as gevolg van 'n strukturele verandering of kan plotseling opkom weens politieke gebeurtenisse of ander maatreëls. Hierdie verskynsel vind tans in belangrike mate plaas. As 'n gevolg van die oorlog is nie alleen veel skeepsruimte verloor nie, dog ook is die verhouding van die tonnages wat in die besit van die verskillende lande is, belangrik gewysig. So het by voorbeeld Nederland en Noorweë, vir watter lande die opbrengs van die skeepvaart 'n belangrike pos op die betalingsbalans was, hulle deviese-inkomste uit hierdie hoof belangrik sien daal. Dieselfde is die geval met Switserland vir die toeristeverkeer.

3. Die betalings weens rente en aflossings kan toe- of afneem. Lenings kan opgeneem of terugbetaal word. As 'n gevolg van die oorlog moes baie regerings buitelandse krediete opneem wat die vraag na deviese vir rente en aflossing laat toeneem het. Tegelyker-

tyd moes dieselfde lande dikwels hulle buitelandse beleggings vir 'n deel likwider, wat tot 'n afneming van die devieseraanbod gelei het. Dit is duidelik dat vir hierdie lande die vraag- en aanbodsfaktore op die wisselmark volkome verander het; by die bepaling van die ekonomiese politiek sal daarmee ernstig rekening gehou moet word.

4. Kapitaalbewegings. De veranderings van die vraag en aanbod van deviese uit hoofde van kapitaalsbewegings behoort tot die mees onberekembare. Dit kon 'n mens veral in die jare 1931—1939 sien, toe groot kapitale hulle van die een finansiële sentrum na die ander beweeg het, spesiaal as 'n gevolg van die wantroue met betrekking tot die valuta op 'n bepaalde oomblik. Die internasionale vlugkapitaal wat hom by die geringste oorsaak op politieke of ekonomiese gebied van die een land na die ander beweeg het, is wel aangedui as "*hot money*". As 'n gevolg van die deviesemaatreëls in die meeste lande is 'n dergelike kapitaalvlug tans nie meer op groot skaal moontlik nie.

5. Spekulasies. Ook spekulasies wat in die jare 1931—1939 die vraag en aanbod van deviese plotseling sterk laat toe- of afneem het, is deur die deviesemaatreëls sterk in hulle invloed beperk.

Tans, na die bostaande teoretiese uiteensetting, is dit moontlik om na te gaan watter faktore by die vasstelling van wisselkoerse en die beoordeling van die juistheid van geldende pariteite in aanmerking geneem moet word. Daarby kan drie gevalle onderskei word. In die eerste plaas die geval dat die wisselkoerse hulle heeltemal vry op die wisselmark vorm. In die tweede plaas, die geval dat die aan- en verkoop van valuta op die wisselmark wel vry is, maar waarby die owerheid sy invloed uitoefen; hierdie toestand was aanwesig in die jare van 1931—1939. Die derde geval vorm die volledige deviesekontrolle waarby alle vraag en aanbod van deviese in hande van die owerheid is. In die eerste geval is die teorie van die wisselkoerse nie van belang vir die vasstelling van koerse nie, omdat hulle hulle vry vorm. Ewewel is die analise in hierdie geval glad nie sonder belang nie, aangesien hy die owerheid insig kan gee in die te verwagte koersontwikkeling. In die tweede geval is die uitkoms van die teoretiese analise intussen baie belangriker. Indien die owerheid op die wisselmark optree en die handhawing van 'n bepaalde koers nastrewe, dien hy hom daarvan te oortuig of hierdie koers op langer termyn te handhaaf en of hy vir die land gewens is. Nog meer is dit die geval by volledige deviesekontrolle. By die enkele beïnvloeding van die wisselkoerse kan die owerheid nog aanwysings put uit die reaksies van sy optrede op die mark; hy kan in die reaksies aanleiding vind om sy beweegredes opnuut te bestudeer die koers ewentueel hersien. By deviesekontrolle ontbreek

die genoemde aanwysings. Die belang van die vasstelling van die juiste koers is dus nog groter. Hierteen sou 'n mens kan opmerk dat 'n land met volledige deviesekontrole sy wisselkoerse op elke willekeurige hoogte kan vasstel. Aangesien alle vraag en aanbod van deviese uitsluitend in hande van die owerheid is, kan slegs die wisselprys tot stand kom wat die owerheid wens. In die werklikheid is die willekeur nie so groot nie en moet wel deeglik met die omvang en die dringendheid van die uiteindelijke vraag en aanbod rekening gehou word, teneinde verstorings van die nasionale ekonomiese lewe te voorkom. Dit mag wel as algemeen aanvaard beskou word dat 'n veelvuldige wysiging op kort termyn van die wisselkoerse ongunstig is vir die ekonomiese lewe. Dit maak die internasionale handel onseker en belemmer sy ontplooiing. Ook veroorsaak dit plotselinge ongewenste veranderings van die pryse in die binneland. By die vasstelling van 'n wisselkoers sal 'n mens hom dus moet afvra of hierdie koers gedurende 'n redelike termyn te handhaaf sal wees. Om hierdie feit te kan beoordeel, sal in die eerste plaas nagegaan moet word of die betalingsbalans by hierdie koers op die duur in ewewig sal wees. Hierby kan vanselfsprekend met reeds toegesegde krediete rekening gehou word. Voorts moet nagegaan word of 'n sodanige ewewig in die betalingsbalans verkry kan word sonder dat 'n verstoring van die ekonomiese lewe of 'n ongewenste ontwikkeling gevrees hoef te word. 'n Mens sal hom moet afvra of die binnelandse pryspeil nie te veel sal styg nie (as 'n gevolg van die invoer by 'n koers van die eie valuta) en 'n wanverhouding tussen pryse en lone sal ontstaan. Aan die ander kant moet voorkom word dat die uitvoer te veel belemmer word (by 'n te hoë koers van die eie valuta). Binne die grense van die *moontlike* wisselkoers bly daar ewewel nog speelruimte oor om die *mees wenslike koers* vas te stel. Om die moontlik een tewens die mees wenslike wisselkoers te vind, moet die gehele ekonomiese en politieke toestand van die betrokke land, sowel dié van die hede as dié wat vir die toekoms verwag en gewens word, in beskouing geneem word. Die betalingsbalans in die verlede kan daarby as 'n uitgangspunt dien. 'n Mens sal hom vir elkeen van die poste moet afvra hoe die ontwikkeling daarvan in die allerlaaste tyd was en hoe dit in die toekoms kan word. Daarby sal 'n mens ook rekening moet hou met die ontwikkeling van die pryse in die binne- en buiteland, kortom, met die algehele ekonomiese en politieke situasie. Meer uitgewerkte riglyne vir die vasstelling van die wisselkoerse kan nie gegee word nie. Hulle moet vir iedere land in iedere konkrete geval bepaal word. 'n Basis hierby moet ewewel die teoretiese analise wees soos ons dié hierbo probeer gee het. Nog 'n keer blyk hieruit dat die wetenskap van die ekonomie nie kant en klaar resepte kan gee vir die daaglikse gebruik nie, dog eweseer dat hy vir die oplossing van ekonomiese vraagstukke in die

praktyk 'n onontbeerlike basis verskaf. Mag sowel die beoefenaars van die teorie as van die praktyk dit insien en in eendragtige samewerking die oplossing van die belangrike vraagstukke waarvan dié van die wisselkoerse een is, ter hand neem.

Lede van die Raad,

Dit pas my U dank te betuig vir die vertrouwe wat U in my gestel het deur my in hierdie pos te benoem. Dit is my opregte wens dat ek die vertrouwe waardig sal wees.

Meneer die Rektor,

Dit is my 'n behoefte om U te verseker dat ek dit as 'n groot voorreg beskou om aan die Universiteit van Pretoria te mag doseer. My strewes sal wees om al my kragte in te span om my taak sowel uit wetenskaplike as opvoedkundige oogpunt so goed moontlik te vervul.

Lede van die Senaat,

Aan U is ek erkentlikheid verskuldig vir U eenparige besluit om my vir die benoeming voor te dra. Dit is vir my 'n voorreg om in U kring opgeneem te word. Ek hoop dat dit nie net 'n aanvaarding is as 'n nuwe lid van die Senaat nie, dog dat dit mag uitgroeï tot 'n meer persoonlike en vriendskaplike kontak. Ek van my kant sal my bes doen om hierdie doel te bereik. Ek besef dat ek U steun en voorligting baie nodig sal hê om 'n goeie lid van die Senaat te word. Ek is nie alleen 'n nuweling in die universitêre wêreld van Pretoria nie, maar bowendien in hierdie land. Ek hoop dat U my sal wil help in albei opsigte om die regte weg te vind wat lei na die ideale waarna ons Universiteit strewes.

Meneer die Dekaan van die Fakulteit van Handel en Publieke Administrasie,

Die welwillendheid waarmee U my tegemoet getree het en behulpsaam was, stem my tot groot dankbaarheid. Dit gee my hoop om ook in die toekoms nog dikwels 'n beroep op U voorligting en bystand te mag doen.

Kollega's van die Fakulteit van Handel en Publieke Administrasie,

Die hartlike en vriendskaplike wyse waarmee U my ontvang het, het die werk vir my tot 'n vreugde gemaak. Vir die voortdurende hulp en vriendelikheid wat ek van U geniet, betuig ek U my opregte dankbaarheid. Ek sal van my kant alles doen wat in my vermoë lê om die goeie verstandhouding te bestendig en te verdiep.

Dames en Here Studente,

Dit is onnodig om vir U te sê dat die wetenskap van die ekonomie op die oomblik baie belangrik is. Die ekonomiese probleme het as 'n gevolg van die oorlog nog veelvuldiger en groter geword als hulle vóór die oorlog reeds was. 'n Belangrike deel van hierdie probleme lê op die gebied van die geld- en bankwese en die handel, veral die internasionale handel. Vir die oplossing van hierdie probleme is 'n behoorlike wetenskaplike basis onontbeerlik. My strewe sal daarom nie in die eerste plaas daarop gerig wees om U veel historiese feite van buite te laat leer nie, maar om U die oorsaaklike verband tussen die verskynsels te laat begryp. Slegs dan sal U in staat wees om ook die nuutste gebeurtenisse en probleme op ons terrein te leer begryp en hopelik te help oplos.

Dankie.